# Les 3

** 8–14 Julie*

# Die eenheid van die evangelie

## SABBATMIDDAG

**Leesverwysings vir hierdie week se studie:**
*Galasiërs 2:1–14, 1 Korintiërs 1:10–13, Genesis 17:1–21, Johannes 8:31–36, Kolossense 3:11.*

**Geheueteks:**
"Maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin." *(Filippense 2:2).*

Protestantse hervormer, Johannes Calvyn, het geglo dat onenigheid die duiwel se grootste middel teen die kerk was, en hy het Christene gewaarsku dat hulle verdeeldheid soos die pes moes vermy. Maar moes eenheid bewaar word ten koste van die waarheid? Stel jouself voor dat Martin Luther, die vader van die protestantse hervorming, gekies het om in die naam van eenheid sy siening oor verlossing deur geloof alleen te herroep toe hy voor die raad gedaag is. Hierdie vergadering het bekend gestaan as "Diet of Worms".

"As die Hervormer op een enkele punt toegegee het, sou Satan en sy leërskare die oorwinning behaal het. Maar sy onwrikbare standvastigheid het die kerk bevry en 'n nuwe en beter tydperk ingelui."—Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, p. 166. In Galasiërs 2:1–14 vind ons dat die apostel alles in sy vermoë doen om eenheid van apostoliese kring te handhaaf, te midde van pogings deur sommige gelowiges om dit te vernietig. Maar so belangrik as wat daardie eenheid vir Paulus was, het hy steeds geweier dat die waarheid van die evangelie ingedoen moet word ter wille van eenheid. Al bestaan ruimte vir verskeidenheid binne eenheid, moet die evangelie nooit gekompromiteer word in hierdie proses nie.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 15 Julie.*

# Sondag

*9 Julie*

# Die belangrikheid van eenheid

**Lees 1 Korintiërs 1:10–13. Wat sê hierdie gedeelte vir ons oor hoe belangrik Paulus geglo het hierdie eenheid in die kerk was?**

Nadat hy die bewerings weerlê het dat sy evangelie nie van God kom nie, rig Paulus sy aandag op 'n ander aanklag wat teen hom gemaak is (Galasiërs 2:1,2). Die valse onderwysers in Galasiërs het beweer dat Paulus se evangelie nie in harmonie was met dit wat Petrus en die ander apostels geleer het nie. Hulle was van mening dat Paulus 'n afvallige was. In reaksie op hierdie aanklag, vertel Paulus van 'n reis wat hy na Jerusalem onderneem het sowat 14 jaar na sy bekering. Al is ons nie doodseker wanneer hierdie reis plaasgevind het nie, was geen reisonderneming in die antieke tye maklik nie. Indien hy oor land gereis het van Antiogië tot in Jerusalem, sou hierdie afstand van ongeveer 500 kilometer hom ten minste drie weke geneem het om af te lê. En hy sou waarskynlik deur allerhande soorte gevare en probleme bedreig geword het. En tog, ten spyte van al hierdie moeilikhede het hy nog steeds die reis onderneem, nie omdat die apostels hom opdrag gegee het nie, maar omdat die Gees hom aangevoer het. En terwyl hy daar was, het hy sy evangelie voor die apostels uitgelê.

Waarom het hy dit gedoen? Sekerlik nie omdat hy enige twyfel gehad het oor wat hy gepreek het nie. Hy het beslis nie enige soort versekering van hulle benodig nie. Trouens, hy het al vir 14 jaar dieselfde evangelie verkondig. En alhoewel hy ook nie hulle goedkeuring of toestemming nodig gehad het nie, het hy die ander apsotels se ondersteuning en aanmoediging baie hoog aangeslaan. Daarom was die beskuldiging dat sy boodskap anders was, nie slegs 'n aanval op Paulus nie, maar ook 'n aanval op die eenheid van die apostels, en op die kerk self. Dit was lewensbelangrik dat apostoliese eenheid behou moes word, omdat 'n skeuring tussen Paulus se sending aan die heidene en die moederkerk in Jerusalem rampspoedige nagevolge sou hê. Met geen gemeenskaplikheid tussen die heidene en Joodse Christene nie, sou "Christus verdeeld wees, en al die energie wat Paulus daaraan bestee het,en nog gehoop het om daarin te sit, om aan die heidene te evangeliseer, sou waardeloos wees."—F. F. Bruce, *The Epistle to the Galatians* (Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans Publishing Company, 1982), p. 111 – vry vertaal.

**Watter vraagstukke bedreig vandag die eenheid van die kerk? Nog belangriker, nadat ons dit geïdentifiseer het, hoe spreek ons dit aan? Watter vraagstukke is belangriker as eenheid self?**

# Maandag

*10 Julie*

# Besnydenis en die vals broeders

**Waarom was besnydenis so 'n fokuspunt in die dispuut tussen Paulus en sekere Joodse Christene? Lees *Gen. 17:1–22; Gal. 2:3–5; 5:2, 6; Hand. 15:1, 5.* Waarom is dit nie moeilik om te verstaan hoe sommige kon glo dat selfs heidene die besnydenis moes ondergaan nie?**

Besnydenis was 'n teken van die verbondsverhouding wat God met Abraham gesluit het, die vader van die Joodse volk. Alhoewel die besnydenis slegs vir die manlike nakomelinge van Abraham was, is elkeen in hierdie verbondsverhouding met God ingenooi. Die teken van die besnydenis is aan Abraham in Genesis 17 gegee. Dit het plaasgevind ná Abraham se rampspoedige poging om 'n kind by sy vrou se Egiptiese slaaf te verwek, om God te help om Sy belofte van 'n seun te vervul. Besnydenis was 'n gepaste teken van die verbond. Dit was 'n herinnering dat die beste planne van die mens nooit dit kon vermag of ewenaar wat God belowe het nie. Die uiterlike besnydenis moes dien as 'n simbool van die hart *(Deut. 10:16, 30:6, Jer. 4:4, Rom. 2:29)*. Dit verteenwoordig 'n wegdoening van ons eie selfvertroue en staan eerder vir 'n getroue afhanklikheid van God.

Gedurende Paulus se tyd het die besnydenis egter 'n verhewe teken geword van nasionale en godsdienstige identiteit – iets waarvoor dit nie aanvanklik daargestel was nie. Ongeveer een honderd en vyftig jaar voor Jesus se geboorte het sommige oorywerige patriote nie net al die onbesnede Jode gedwing om die besnydenis te ondergaan nie, maar hulle het dit ook vereis van al die mans wat in die omliggende gebiede van hulle jurisdiksie gewoon het. Sommige het selfs geglo dat die besnydenis 'n paspoort tot verlossing was. Dit kan gesien word in antieke epigramme (kort gedigte) wat hierdie dinge onomwonde verklaar: "Besnede mans daal nie af in Gehenna {die hel} nie.' "—C. E. B. Cranfield, *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans* (Edinburgh: T. & T. Clark Ltd., 1975), p. 172 – vry vertaal. Dit sou 'n fout wees om aan te neem dat Paulus teen die besnydenis as sodanig gekant was. Paulus het beswaar gemaak teen die aandrang dat die heidene hulleself moes onderwerp aan die besnydenis. Die vals leraars het gesê: "'As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie'" *(Hand. 15:1)*. Die kwessie was dus nie werklik oor die besnydenis nie, maar oor verlossing. Verlossing kom word verkry òf deur geloof in Christus alleen, òf dit is iets wat deur die mens se gehoorsaamheid verdien word.

**Moontlik is die besnydenis nie vandag meer die vraagstuk nie. Maar waarmee (indien enigiets) stoei ons kerk wat soortgelyk aan hierdie probleem is?**

# Dinsdag

*11 Julie*

# Eenheid in diversiteit

**Lees *Galasiërs 2:1–10*. Paulus sê dat die valse broeders "die gemeente ingedring het . . . om ons lewe in die vryheid wat Christus Jesus vir ons verwerf het, dop te hou, sodat hulle weer slawe van ons kon maak" (Gal. 2:4, AFR83). Waarvan is Christene vrygemaak? *Lees Joh. 8:31–36; Rom. 6:6, 7; 8:2, 3; Gal. 3:23–25; 4:7, 8; Heb. 2:14, 15*. Hoe ondervind ons self die werklikheid van hierdie vryheid?**

---

Vryheid, as 'n beskrywing van die Christelike ondervinding, is vir Paulus 'n belangrike konsep. Hy het die woord meer dikwels gebruik as enige ander outeur in die Nuwe Testament, en in die boek Galasiërs word die woorde vry en vryheid telkemale gebruik. Vir die Christen egter beteken vryheid "vryheid in Christus." Dit is die geleentheid om 'n lewe van onverstoorde toewyding aan God te leef. Dit bied vryheid van slawerny aan die begeertes van ons sondige natuur *(Romeine 6),* vryheid van die veroordeling van die wet (Rom. 8:1, 2), en vryheid van die mag van die dood *(1 Kor. 15:55)*.

**Die apostels het herken dat dit aan Paulus "toevertrou is om die evangelie aan die nie-Jode (onbesnedenes – AFR53) te verkondig, net soos dit aan Petrus toevertrou is om die evangelie aan die Jode (besnedenes – AFR53) te verkondig" (*Gal. 2:7, AFR83*). Wat impliseer dit vir die aard van eenheid en verskeidenheid binne die kerk?**

---

---

Die apostels het dit erken dat Paulus deur God geroep is om die evangelie aan die heidene te verkondig, net soos Hy ook Petrus geroep het om dit aan die Jode te bring. In beide gevalle was die evangelie dieselfde, maar dit was afhanklik van die wyse waarop die apostels gepoog het om dit aan te bied om die mense te bereik. Implisiet in hierdie vers "is die belangrike erkenning dat dieselfde formule daartoe verbind is om dit op verskillende wyses aan te hoor, en om verskillende beklemtonings in verskillende sosiale en kulturele kontekste te hê . . . Dit is presies hier een-heid wat die basis vorm van Christelike eenheid, net soos eenheid in verskeidenheid."—James D. G. Dunn, *The Epistle to the Galatians* (Peabody, Mass.: Hendrickson Publishers, Inc., 1993), p. 106 – vry vertaal.

**Hoe vatbaar moet ons wees vir die metodes van evangelisasie en getuienislewering wat ons uit ons "gemaksone" haal? Is daar sommige vorme van evangelisasie wat jou pla? Indien wel, wat is dit, en waarom is dit vir jou 'n probleem, en behoort jy eerder meer oop te wees oor hierdie dinge?**

# Woensdag *12 Julie*

# Konfrontasie in Antiogië *(Gal. 2:11–13)*

‘n Tydjie na Paulus se afspraak in Jerusalem bring Petrus ‘n besoek aan Antiogië in Sirië, die ligging van die eerste nie-Joodse kerk en die basis van Paulus se sendingaktiwiteite, soos dit beskryf word in Handelinge. Terwyl hy daar was, het Petrus vrylik saam met die heiden-Christene (nie-Joodse gelowiges) geëet. Maar toe ‘n groep Joodse Christene vanaf Jakobus daar aankom, het Petrus – beangs deur wat hulle sou dink – sy gedrag geheel en al verander.

**Waarom moes Petrus van beter geweet het? Vergelyk Gal. 2:11–13 en Handeling 10:28. Wat vertel hierdie optrede ons oor hoe diepgewortel gevestigde kultuur en tradisie in ons lewens kan wees?**

Sommige het verkeerdelik aangeneem dat Petrus en die ander Jode by hom opgehou het om die Ou Testamentiese voorskrifte van rein en onrein voedsel na te kom. Dit was egter nie die geval nie. Indien Petrus en al die Joodse Christene nie die Joodse voedselwette nagekom het nie, sou daar sekerlik ‘n hewige oproer in die kerk gevolg het. En indien dit wel so was, sou daar beslis een of ander rekord daarvan opgeteken wees, maar daar is nie. Dit is meer waarskynlik ‘n kwessie wat gehandel het rondom gemeensaamheid met die heidene rondom die tafel. Aangesien baie Jode die heidene as onrein beskou het, was dit die praktyk onder sommige om so ver as moontlik sosiale kontak met die heidene te vermy.

Petrus het self met hierdie vraagstuk gesukkel, en dit was slegs deur ‘n visioen van God dat hy gehelp is om dit duidelik raak te sien. Petrus het aan Kornelius gesê: “‘Dit wat ek nou doen, mag ons Jode eintlik nie doen nie. Soos julle weet, durf ons nie in mense uit ander volke se huise ingaan of met hulle meng nie. Maar gelukkig het God my oë oopgemaak. Hy het vir my gewys dat ek glad nie op mense uit ander volke mag neersien nie’” *(Hand. 10:28 - DB)*. Al het hy van beter geweet, was hy so bang om sy eie volksgenote te affronteer, dat hy teruggeval het in sy ou weë. Dit is blykbaar hoe sterk die invloed van kultuur en tradisie in Petrus se lewe was. Paulus het egter Petrus se optrede presies genoem wat dit was: die Griekse woord wat hy hier gebruik in Galasiërs 2:13 (DB) is skynheiligheid, (geveins – AFR53). Hy het selfs gesê dat Barnabas “hom laat meevoer het deur hulle geveins” (AFR53), (“deur hulle huigelary laat meesleep” – AFR83). Dit is sterk woorde van een man van God tot ‘n ander.

**Waarom is dit so maklik om skynheilig te wees? (Is dit nie dalk dat ons neig om onsself blind te staar teen ons eie foute nie, terwyl ons gretiglik na ander se foute opsoek is?) Watter soort skynheiligheid sien jy in jou eie lewe raak? Belangriker nog, hoe kan jy dit herken en daarvan ontslae raak?**

# Donderdag *13 Julie*

# Paulus se besorgdheid *(Gal. 2:14)*

Die situasie in Antiogië was spannend: Paulus en Petrus, twee kerkleiers, was in openlike konflik met mekaar. En Paulus hou niks terug as hy Petrus tot orde roep vir sy gedrag nie.

**Watter redes verskaf Paulus vir sy openlike konfrontasie met Petrus? Gal. 2:11–14.**

---

Soos Paulus dit gesien het, was dit nie die probleem dat Petrus besluit het om saam met die besoekers van Jerusalem te eet nie. Antieke tradisies oor gasvryheid sou so iets vereis het. Die probleem was die "waarheid van die evangelie". Dit was dus nie slegs 'n kwessie oor gemeensaamheid of gesamentlik eet nie. In die ware sin het Petrus se optrede die hele boodskap van die evangelie gekompromiteer.

**Lees Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11. Hoe help die waarheid in hierdie teksverse ons om Paulus se heftige reaksie te begryp?**

---

Gedurende Paulus se ontmoeting in Jerusalem met Petrus en die ander apostels, het hulle tot die slotsom gekom dat die heidene ook al die seëninge in Christus kon ontvang sonder om hulleself eers aan die besnydenis te laat onderwerp. Petrus se optrede het egter nou hierdie verstandhouding in die weegskaal geplaas. Waar Joodse en heidense Christene vroeër in openlike gemeensaamheid verkeer het, was die gemeente nou verdeeldm en dit het die vooruitskouing gehad van 'n toekomstig verdeelde kerk. Vanuit Paulus se perspektief het Petrus se gedrag dit geïmpliseer dat die heidense Christene tweederangse gelowiges was, en dat hy geglo het dat Petrus se optrede sterk druk op die heidene geplaas het om toe te gee indien hulle ware gemeensaamheid in aanbidding wou ervaar. Daarom sê Paulus: "'As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?'" *(Gal. 2:14)*. Die frase "om soos Jode te lewe" kan letterlik vertaal word om te "verjoods". Hierdie woord was 'n algemene uitdrukking wat die betekenis gehad het "om 'n Joodse lewenswyse aan te neem". Dis veral gebruik vir heidene wat 'n sinagoge bygewoon en aan ander Joodse gewoontes deelgeneem het. Dit was ook die rede waarom Paulus se teenstanders in Galasiërs, wat hy "valse broeders" genoem het, na verwys is as "verjoods" (E. - "Judaizers").

**Asof Petrus se dade nie erg genoeg was nie, is Barnabas ook in hierdie optrede vasgevang – iemand wat ook van beter behoort te geweet het. Wat 'n duidelike voorbeeld van die krag van groepsdruk sien ons nie hier nie! Hoe kan ons leer om onsself daarteen te beskerm om nie in die verkeerde rigting deur mense om ons gedruk te word nie?**

## Verdere leeswerk:

Vir verdere leeswerk oor die kwessie van eenheid en diversiteit in die kerk, lees Ellen G. White, "Investigation of New Light," pp. 45, 47, in *Counsels to Writers and Editors;* "An Explanation of Early Statements," p. 75, in *Selected Messages*, book 1; "Tactfulness," pp. 117–119, in *Gospel Workers*; and "Manuscript Release 898," pp. 1092, 1093, in 1888 *Materials,* vol. 3. "Selfs die voortreflikste manne, as hulle aan hulleself oorgelaat word, sal ernstige foute begaan. Hoe meer verantwoordelikhede op die mens gestapel word, hoe hoër sy posisie om te dikteer en beheer, hoe groter onheil sal hy pleeg om gedagtes en harte te mislei, indien hy nie waaksaam is om die weg van die Here te volg nie. In Antiogië het Petrus misluk in die beginsels van integriteit. Paulus moes teenstand bied deur van aangesig tot aangesig voor hom te staan. Dit is opgeskryf sodat ander daardeur kan baat, en dat die les daaruit 'n plegtige waarskuwing aan manne in hoë posisies is, sodat hulle nie mag faal in integriteit nie, maar beginselvas sal leef."—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1108 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

**1. Baie min mense geniet konfrontasie, maar soms is dit nodig. Onder watter omstandighede moet 'n kerk verkeerde dinge veroordeel en diegene dissiplineer wat weier om teregwysing te aanvaar?**

**2. Soos die Sewendedag-Adventistekerk rondom die wêreld groei, word dit terselfdertyd dikwels meer en meer divers. Watter stappe kan die kerk doen om te verseker dat eenheid nie te midde van hierdie verskeidenheid verlore gaan nie? Hoe kan ons leer om die verskeidenheid van kulture en tradisies onder ons te aanvaar, maar terselfdertyd eenheid te behou?**

**3. Wanneer die evangelie na 'n ander kultuur gebring word, wat is die belangrikste elemente wat nie moet verander nie, en wat wel kan verander? Hoe leer ons om te onderskei tussen dit wat moet bly en, indien dit nodig is, wat ons moet laat los?**

## Samevatting:

Die aandrang deur sommige Joodse Christene dat heidene besny moet word om sodoende ware volgelinge van Christus te word, was 'n groot bedreiging vir eenheid in die vroeë kerk. In stede daarvan om toe te laat dat die kwessie die kerk in twee verskillende bewegings verdeel het, het die apostels saamgewerk, ten spyte van verskille onder hulleself, en om sodoende te verseker dat die liggaam van Christus verenig bly staan, en getrou aan die waarheid van die evangelie.

# Notas